Sondag, 12 April 2020
Paassondag

Ons het iets te vertel:
Die koninkryk van die hemel is hier, die dood kon dit nie keer!

"Toe sê Jesus vir hulle: Moenie bang wees nie. 'Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien.'"
(Matteus 28:10).

Eers was die boodskap van Jesus van Nasaret – *"Kom tot inkeer, die koninkryk van die hemel is hier"* (Matteus 4:17) – aan die menigtes gerig; die menigtes van lydendes en soekendes, siek of honger, skares wat na Hom kom luister het. Van daar teen die berghang in Galilea (Mat. 5) tot by die stadspoort en die tempelplein in Jerusalem (Mat. 21). Maar gaandeweg het die kring kleiner geword: twee blindes by die stadspoort van Jerigo, in totale afhanklikheid: *"Here, Seun van Dawid, ontferm U oor ons!"* (20:33). Donderdagaand met die Pasga die dissipelkring rondom die tafel in die bokamer, word dit nóg meer persoonlik, direk – Jesus sê: *"Een van julle..."* (Mat. 26:21). Judas, jy. Petrus, jy. Die verloëning en lyding van Christus, hoewel dit om die lydensbeker van 'n mensdom gegaan het, bring my as individu voor God te staan: dit was my gebrokenheid, my wegdraai van hom. En dit was terselfdertyd vír my, daardie brood en beker wat Hy aangegee het. Dít is die genade. Vrydagoggend nóg 'n enkeling: Simon, die man van Cirene, wat die kruis opneem en Jesus volg na Golgota (27:32); 'n eersteling onder die kruisdraers, die man uit Afrika. Van elders, van buite af het hy die koninkryk ingekom, onverwags, maar lewensbeslissend het dit hom en sy gesin geraak (Mark. 15:21, Hand. 13:1, Rom. 16:13)...

Die Saterdag, die sabbat, was grafstil.

Maar iewers daardie donker nag tussen die sabbat en die eerste dag, het dit omgedraai. Die Enkeling van God kom uit die graf, die Eersteling uit die dood betree 'n nuwe lewe – en álles het verander! Daar sit 'n engel met die evangelie (Mat. 28:2); daar verskyn Christus met die woorde *"moenie bang wees nie"* (28:9); daar word twee of drie vroue gestuur na die dissipelkring van elf (28:10); daar word die handjievol na die eindes van die aarde gestuur, na al die nasies (28:19) – die koninkryk is vir almal bedoel! En só sou dit deur die eeue bly: dit is nie die magtiges beskore nie; dit gebeur nie met dwang of geweld nie; dié boodskap word gedra deur vroue wat self bang was, deur vissers, deur randfigure in die samelewing, deur buitestaanders. Kruisdraers. Al wat hul werklik gehad het, is die versekering van Jesus: *"alle mag in die hemel en op die aarde"* berus by Hom; *"Ek is by julle"* (28:18-20).

Met daardie appél eindig Matteus sy vertelling: die koninkryk van die hemel is hier, selfs die dood kon dit nie keer, gaan vertel dit verder. Vanjaar, terwyl ons afgegrendel is en bang, soveel te meer...

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout – die laaste van ons reeks eredienste uit die Lydenstyd en Paasnaweek, opgeneem in die kerk en via ons webblad, op *Facebook* en op *YouTube* na al die huise in ons gemeente en verder uitgestuur.

Ons erediens begin met stilte, gedagtig aan waar ons Vrydag was en die stroping van alles beleef het, die leegheid wat ná 'n sterwe en begrafnis agterbly.

LITURGIE

Stilte

"Lord, I know now that it is in silence, in a quiet moment, in a forgotten corner that You will meet me, call me by name and speak to me a word of peace. It is in my stillest hour that You became the risen Lord to me. Stay with me in the days to come. Be with all who suffer in this world and bring peace to them, whom You loved so much that you gave your life for them.
Amen."
(Henri Nouwen, 1932-1996)

Vroue bring die boodskap

Votum: "Die Here het opgestaan,
die Here het waarlik opgestaan!"

Seëngroet

Loflied: "Ons loof U, Vader, op die troon!" (Lied 406:1 en 3)

"Ons loof U, Vader, op die troon!
U Seun het onder ons kom woon.
Hy het u beeld aan ons vertoon.
Ons loof U, Here! Ons loof U, Here!
Halleluja!

U het vir ons die weg berei
wat na die Vaderwoning lei.
Daarom aanbid en sing ons bly.
Ons loof U, Here! Ons loof U, Here!
Halleluja!

Skriflesing: Matteus 28:1-10 en 16-20

Oordenking

Gesamentlike gebed:

"Here God,
Almagtige Skepper,
Vader van Christus, ons Here –

Ons dank U vir u Woord,
hierdie Woord, hierdie goeie nuus:
U Woord wat van die begin af by U was, God was;
u Woord in Wie U met u volle wese woon;
u Woord deur Wie alle dinge ontstaan het, sienlik en onsienlik;
u Woord wat Eerste is, verhewe bo die hele Skepping;
u Woord wat mens geword het en onder ons kom woon het;
u Woord wat ons geroep het, u koninkryk binne;
u Woord wat ons genooi het om tot rus te kom;
u Woord, Eersteling uit die dood,
u Woord wat lewe –

Ons dank U, Vader, vir Christus, ons Here,
die Opgestane Een.

En ons wy ons vanoggend dankbaar aan u Woord toe;
maak ons draers van daardie Woord wat lewe gee;
maak ons boodskappers van die goeie nuus,
van die hoop.
Stuur ons Here, thuma mina –
ons land verlang na dié lewende Woord,
na Uself.
Amen.

Slotlied: Lied 422:1 en 3

"Die Heer, die Heer het opgestaan!
Die Heer het wáárlik opgestaan!
Vir sondaars het die Heer gesterf,
die lewe deur sy dood verwerf.
Oorwinning is vir ons verkry
oor sondemag en heerskappy.
Die Heer, die Heer het opgestaan!
Die Heer het wáárlik opgestaan!
Aan Hom die lof, die roem en eer,
Hy laat ons met Hom triomfeer.
Hy het oorwin die dood, die hel.
Ons kan dit wêreldwyd vertel!

Seënbede

Orrel & trompet-naspel: "Hoor jy die Paasfeesklokke?" (Lied 409)

Ite, missa est. Gaan, dit is jóu missie.

Ons opregte dank aan almal wat betrokke was by die aanbieding van eredienste en oordenkings in Berg-en-Dal tussen 22 Maart en 12 April 2020: Johan Cromhout, Brigitte Botha, Anmari v/d Westhuizen en Paul Loeb van Zuilenburg (musiek); Magriet Zietsman (blomme); Germarie Adendorff, Ampie Human, Adri v/d Berg en Rita van Zyl (logistiek); Annette, Jana en Carla Loots; Danie Joubert en RW Adendorff (opnames).

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons het die derde week van afsluiting en afsondering tuis ingegaan, en óók gehoor dit gaan nog langer duur. Tóg het ons met mekaar in verbinding gebly, ook deur ons gebede. Vanoggend wil ons geluk sê aan almal wat vandag en in hierdie week verjaar: Tannie Bollie Buurman, Koos Kritzinger en Magriet Zietsman (12/4); Gert Nel en Marianne Nel (13/4); Chris de Waal (14/4); Abri Visagie en Jan Kühn (15/4); Johan Truter, Maureen van der Merwe, Marsha Oberholzer, Lilian Brink, Stephan du Plessis en Lasya Buys (16/4); Bertus Claassens en Bernadine Bester (17/4); en Tannie Anna van der Westhuizen, Louise Pretorius, Beneli Pretorius en Coenraad Hattingh (18/4). Ons bid julle die Here se seën toe!

Ons dink in gebed ook aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Tannie Anna van der Westhuizen (Crystal Rocks 7, wyk 18a); Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17); Conna Lups (Deanelaan 25, wyk 20b) en Beatrice Carshagen (Cussoniahof 8, wyk 20b).

Laastens, ons innige meegevoel aan Petro en die Van Pletzen-familie (DickieClarkestr. 12, wyk 5b), by die heengaan van haar moeder afgelope week. Troos, bid ons jul toe.

Ons gebede gaan steeds op vir almal wat essensiële dienste in hierdie tyd lewer, in besonder gesondheidswerkers en voedselverskaffers.

Geliefdes van Christus in Berg-en-Dal,

Dit is Paassondag en ons sou graag by ons kerkgebou by die sirkel wou byeenkom; ons verlang na mekaar. Maar ons weet ook dat deur tuis te bly ons mekaar beskerm en ons land help – laat ons nóg drie weke uithou! Ons is nie net kruisdraers nie; ons is ook die boodskappers van hoop: die Lig hét oorwin, dáármee bemoedig ons mekaar en ons land se mense...

As kerkraad gee ons die volgende reëlings deur:

1) Daar sal weer eredienste vir **Sondag, 19** en **26 April** opgeneem word en per epos of via ons webblad, *Facebook*, *YouTube* en op u selfoon (via whatsapp) aangestuur word. Ds. Johan Marais lei die volgende twee Sondae se eredienste.

2) Indien moontlik, sal ons eerste erediens terug in die kerkgebou op **Sondag, 3 Mei** wees; hopelik kan ons ook dan ons kategese hervat. Ons sal die nodige reëlings betyds na u deurgee. Pas jul solank mooi op sodat jul daardie oggend gesond sal wees!

3) Ons bring weer die behoefte aan komberse vir haweloses onder u aandag. Ons versoek lidmate om wanneer jy in die komende week jou noodsaaklike kruideniers by Pick&Pay Preller gaan kry, ‘n kombers wat jy kan afstaan saam te neem en in die houer by die ingang te plaas – ons neem dit na Tweetoringkerk en hul versprei dit verder.

4) Dan is dit vandag die vierde Sondag dat ons nie as gemeente **eredienskollektes** opneem nie; ‘n maand is al verby. Baie dankie aan lidmate wat tot ons Noodfonds bygedra het. Ons besef almal begin die finansiële impak van hierdie gebeure voel – tóg wil ons vra dat jul aan Berg-en-Dal ook sal dink, en jou kollekte en **dankofferbydrae** na ons bankrekening sal oorbetaal. Die besonderhede is:

NGK Berg-en-Dal by ABSA Tjekrek. 470-580-011